Die Lewende Kerk

Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 22 Oktober 2017

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel
Lees: Eks 25: 10-22.
Fokus: Eks 25: 22.
Die funksies van die mens se gees: Gewete.

Omgee:

- Quintin en Anjé Sofianos se babaseuntjie Juan-Luc moet ‘n nierbuisie operasie ondergaan om ‘n obstruksie te verlig. Die dokters wil voor die einde van die maand opereer, omdat hy net 1 niertjie het wat funksioneer.

Offergawes:

Offergawes: ‘D’ gemerk: vir behoeftiges.Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings:

- **Gemeente-toerusting en die Hoërskool kategese** vind plaas DV vanmiddag (22 Okt) om 17h00 in die kerkgebou. Marietjie Volschenk bied die Droom-kursus aan as toerusting.

- **Gesamentlike Hervormingsfees** (GK Witpoortjie, Ontdekkers, Newclare en Bergbron) **hierdie week** van Maandag tot Donderdag om 19h00 by Ontdekkers GK. Bergbron is veral verantwoordelik vir Dinsdagaand. Gordon bring die boodskap Dinsdagaand (Genade alleen) en Stephan Woensdagaand (Geloof alleen). Volgende Sondagmiddag om 18h00 sluit ons af met 'n gesamentlike feesdiens (Aan God alleen die eer)
- Ons sluit die "40 dae van **Vreugdevol Vry!**" DV volgende Sondagoggend na die erediens af in die kerkgebou. Die tema vir die afsluiting is "Missio Dei" – om deur God gestuur te wees.
- **Volgende Heilige Gees Seminaar** word beplan vir **3-4 November by Bergbron**. Kostes is R200 per persoon of R300 per paar wat 'n werkboek en etes insluit. Besprekings kan by Celeste (082 372 8684) gedoen word.
- **'n Oorwinnaars vir Huwelike** word ook beplan vir **27-28 Oktober** by Bergbron. Besprekings kan ook by Celeste (082 372 8684) gedoen word.
- Ons beplan 'n **Kerssangdiensvergadering op Maandag 30 Oktober om 18h30** in die kerkgebou. Almal wat kan help word hartlik uitgenooi na die vergadering.
- Daar is behoefte aan gewillige lidmate om hulle hulp aan te bied by die **rekenaar en kamera**. Sê vir Matt Brummer.
- **Tee/koffie skinkbeurte** –vandag is dit Groep 4, Martie, Welna en Michelle, se beurt. Volgende Sondag skink Groep 5, Sophie, Santjie, Susan le Roux en Anja.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, pieterankie@eject.co.za of sms na 072 651 8286).

Baie dankie aan Fanie Olivier en Johan van Jaarsveld vir die skenkings van pryse vir die Potjiekosdag. Dankie ook aan elkeen wat gehelp het om die dag 'n sukses te maak! R 4000+ is Maandag gebank!

Die Lewende Woord vir Jou

Prediker: Ds Stephan Briel
Lees: Eks 25: 10-22.
Fokus: Eks 25: 22.

Die funksies van die mens se gees: Gewete.

- Die Heilige Gees se werking deur die gewete van ongelowiges (vgl Joh 16: 8).
- Die Heilige Gees se werking deur die gewete van gelowiges (vgl Heb 10: 22 en Heb 19: 14).
- 'n Skoon gewete is die basis en vereiste vir die ander 2 hooffunksies van ons wedergebore gees: om gemeenskap met God te hê en God se wil en plan vir ons lewens te ken deur intuïsie.

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdiens:

- Wat is die drie hoof funksies van die mens se wedergebore gees? (vgl Eks 25: 22)
- Verduidelik die Heilige Gees se werking deur die gewete van ongelowiges en gelowiges.
- Hoe raak jy ontslae van 'n skuldige gewete?

Wil jy by Bergbron Gemeente aansluit?

Vul ’n pienk vorm in en gee dit vir ds Stephan.

Gebed NB: **GEBED IN DIE KUIERKAMER ELKE SONDAG OM 8:00**

DIE HART VAN AANBIDDING

Bestanddele en betekenis van die reukwerk (wierook).

Die gedeelte rondom die Goue reukoffer altaar, wierook self, is so ryk aan simboliek dat ek sal probeer om kortliks drie aspekte uit te lig (oor drie weke): Kom ons noem dit - *Die hart van aanbidding*.

DIE drie dele :

1. God se patrone verander nooit
2. Bestanddele en betekenis van die reukwerk (wierook).
3. Hoekom het die Hebreërs skrywer die reukoffer altaar geskuif vanaf die Heiligste in die Ou Testament na die Allerheiligste in die Nuwe Testament?

By ‘n vorige geleentheid het ons die deel – *God se patrone verander nooit, hanteer*. Ons gaan aan met deel twee - Bestanddele en betekenis van die reukwerk (wierook).

Skrifverwysing na reukwerk (wierook)

Openb. 5:8 en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is.

Ps. 141:2 Laat my gebed soos reukwerk voor u aangesig staan, die opheffing van my hande soos die aandoffer.

Soos wat Aaron die wierook fisies brand op die altaar, is die gebede en lofprysinge van die gelowiges wat opgaan voor die aangesig van God soos ‘n aangename geur.

Ons in die Nuwe Testamentiese tydperk neem as gelowiges die plek in van die priester. Ons bid tot God en offer lofprysing tot God deur Jesus Christus in Sy almag en kom as diensdoende Hoë Priester in God se teenwoordigheid..

Heb 13:15 Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God ‘n offer van lof bring, dit is die lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely.

Die wierook wat gebruik is om op die Reukofferaltaar te brand:

Stacte	‘n Gom wat spontaan uit die stamme van ’n sekere tipe boom in die Midde-Ooste kom. Ons gebede moet daarom spontaan wees en vrylik vloei.
Onycha	Kom van skulp af wat op die bodem van die see leef. Daarom moet ons lof en aanbiddinge opreg wees en uit die diepte van ons hart kom.
Galbanum	Kom van bome wat groei op hoë grond en berge. Daarom moet ons lofprysing en gebede opwaarts gerig wees, aan God geoffer word en nie aan of vir mense nie.
Frankencense	Om wit te wees (reinheid en heiligheid) ons gebede en lofprysing moet kom vanuit ‘n rein hart.

Ons kan dus sien die gesindheid waarmee die Allerheiigste genader is, is met ‘n rein gewete. Spontaan, gewillig, vrylik en uit die diepte van ons hart. Omdat ons wil en

nie omdat ons moet nie. Die posisie was met die opheffing van die hande. In die een hand die sensor met kole en in die ander die wierook .
Ons as Nuwe Testamentiese gelowiges moet met dieselfde gesindheid en posisie God se “Allerheiligste”, ons “secret place” nader. EN NIE sing met jou hande in jou broeksak, toe mond nie. Die Here steur Hom nie aan so aanbidding nie. Vir my is dit dieselfde as Vreemde Vuur!
Gerhard

Lekker verjaar ...!

Verjaardae in die week:

27 /10	HENNIE OLIVIER	072 345 1647
27 /10	LOUKIE RENSBURG	079 488 1278

Mag die Here jou oorvloedig seën

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf: www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029, stephan@bergbron.org.za
Pastor Gordon Calmeyer – assists with ministry and pastoral care: 011 672 1219, 076 867 3125, zooch234@gmail.com
Koster – Martin Rodgers: 083 206 7483
Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan)
Jeug – vakant (kontak Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com)
Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 065 396 8320
Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023
Vroue-aksie – Annette Müller 082 449 2344 en Elma Mulder 082 416 4138
Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349

GK Randburg Hervormingsfees 30 Oktober kontak Lizette 083 626 0603